# Die nederigheid van God

(Video lesing – 4 Junie 2020)

Ek wil ‘n bietjie gesels oor die nederigheid van God. En ek wil in die Ou Testament met ‘n ongewone Skrif begin, in Eségiël hoofstuk 15.

> *Eség 15:2 “Wat is die hout van die wingerdstok meer as al die hout – die wingerdrank wat onder die hout van die bos is?*
>
> *15:3 “Word daar hout van geneem om vir ‘n stuk werk te gebruik? Of neem ‘n mens daar ‘n pen van om allerhande goed aan op te hang?*
>
> *15:4 “Kyk, dit is aan die vuur oorgegee om verteer te word; as die vuur sy twee ente verteer het en sy middelste stuk geskroei is, sal dit deug vir ‘n stuk werk?*
>
> *15:5 “Kyk, toe dit heel was, kon daar niks van gemaak word nie; hoeveel minder, as die vuur dit verteer het en dit geskroei is, sal daar dan nog iets van gemaak kan word.”*

Dit is ‘n ongewone Skrifgedeelte. En dit praat van die hout van die wingerd, dat daar geen waarde daarin is nie. As jy verder in daardie hoofstuk lees, praat dit van die mense van Jerusalem wat ver van die Here af gedwaal het, en hy sê basies daar is geen waarde aan daardie mense nie.

**God word mens**

Hou asseblief hierdie stukkie in gedagte: die wingerdstok het geen waarde nie. Ons sal later weer hierna kyk.

Kom ons gaan nou na Johannes Hoofstuk 1. Die tema is die nederigheid van God.

> *Joh 1:1 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God."*

Hy praat natuurlik hier van Jesus, die Messias, die Woord.

> *Joh 1:2 "Hy was in die begin by God.*
>
> *1:3 "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*
>
> *1:4 "In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense."*

Hier sien ons die Woord, Jesus, as die Skepper van die heelal. Alles het deur Hom ontstaan.

Later in die hoofstuk lees ons,

> *Joh 1:14 "En die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon ..."*

Die Woord het vlees geword. Daar kom God in sy almag, in sy heerlikheid, en Hy word 'n Mens. Van die heerlikheid van sy hemel troon kom Hy af aarde toe en verootmoedig Homself om Mens te word. Dit is wonderlik.

Vriende, as jy ‛n bietjie verder in die Skrif lees, dan vind jy dat Paulus in sy sendbrief aan die Filippense van Jesus praat en sê,

> *Fil 2:7 "Maar het Homself ontledig deur die **gestalte van ‛n dienskneg** aan te neem en aan die mens gelyk te word."*

Met ander woorde, nie net het God Homself verootmoedig om mens te word nie - dis alreeds ‛n geweldige stap af – maar dan verneder Hy Homself nog verder, en Hy neem vir Homself die gestalte van ‛n dienskneg aan. Hy, Almagtige God, word die Dienskneg van die mens. Kan jy dit glo?

*Die nederigheid van God.*

### Ou Testament profesieë

Ons gaan ‛n bietjie terug na die Ou Testament, na Jesaja Hoofstuk 49 wat praat van die Messias wat sou kom. Hier is maar net een van baie profesieë wat Jesaja gee, en ek lees vanaf Jesaja 49:5. Hy sê,

> *Jes 49:5 "En nou sê YHWH wat My van die moederskoot af geformeer het om **sy Kneg** te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word ..."*

Die doel van die Messias, *die Kneg*, was dus om Jakob, Israel, na God toe terug te bring. Maar daar is meer -

> *Jes 49:6 "Hy het gesê: Dit is te gering dat U my **Kneg** sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot*

*'n **lig van die nasies**, om my heil te wees **tot aan die einde van die aarde**."*

Met ander woorde, Hy het nie net vir Israel gekom nie, Hy het ook gekom vir al die nasies. En *Hy kom as 'n Dienskneg*.

*Jes 49:7 "So sê YHWH, die Verlosser van Israel, sy Heilige, aan die **diep veragte** (die Messias, die Seun, sy Dienskneg), aan Hom wat **'n afsku is by die volk**, 'n **Kneg van die heersers**: Konings sal dit sien en opstaan ..."*

Hierdie gedeelte verwys na die Messias as 'n *diep veragte*, Hy is 'n *afsku by die volk*, en Hy is 'n *Kneg van die heersers*; dit is sy doel, dit is waarvoor Hy kom.

Ons praat oor die ***nederigheid van God.*** Hoe nederig was Hy tog nie, om van sy hoog-verhewe, heerlike hemelse troon af, so laag te buig nie.

### Wat sê Jesus van Homself?

Dit is nou wat die profete sê. Maar my vraag is, wat sê Jesus van Homself? Ons lees in Markus 10 waar Jesus praat:

*Mark 10:45 "Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar **om te dien** en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."*

Die Seun kom om te *dien.* Dis merkwaardig! Jesus praat in Johannes 5 en Hy sê:

*Joh 5:30 "Ek kan **uit Myself niks doen nie**. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat*

*Ek **nie my wil soek nie**, maar die wil van my Vader wat My **gestuur het**."*

Hy is deur die Vader *gestuur* en dus kom Hy nie om sy eie wil te doen nie. Selfs in Getsémané sê Hy, *"Vader, nie my wil nie, maar u wil geskied."*

Ons lees verder:

*Joh 6:38 "Want Ek het **uit die hemel neergedaal**, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat **My gestuur** het."*

Hy is 'n *gestuurde*. Hy is die *Kneg*. Nou gaan ons verder na Johannes Hoofstuk 13, en hierdie is 'n merkwaardige gedeelte. Dit speel af gedurende die laaste maal, die nagmaal net voor die kruisiging. Jesus is saam met sy twaalf dissipels om die tafel. En dan lees jy 'n merkwaardige stuk. Jesus het -

*Joh 13:4 "van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak.*

*13:5 "Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en **die voete van die dissipels begin was** en afdroog met die doek wat Hy omgehad het."*

Kan jy dit glo? Vriende, as daardie dissipels net besef het dit is die **Skepper van hemel en aarde wat daar voor hulle kniel en hul voete was**.

*Die nederigheid van God.*

**Johannes Hoofstuk 15**

Dan kom ons by Hoofstuk 15. En dit is wat Jesus van Homself sê (onthou, dit is net voor die kruisiging):

> *Joh 15:1 "Ek is die ware wynstok ..."*

Jy moet verstaan, Jesus het die Skrif goed geken. Verskeie gedeeltes van die boek van Eségiël word telkemale deur Jesus in sy bediening aangehaal. Hy ken die Skrifte. Hy het geweet wat daar in Eségiël 15 geskrywe staan oor die veragte wynstok, wat 'n afsku is vir die volk, 'n Kneg van die heersers; en nou sê Hy hier in Johannes 15, *"Ek is die wynstok."* Daardie *veragte*, wat niks van gemaak kan word in Homself nie; nie 'n pen om goed aan te hang nie, Hy kan niks in Homself doen nie ...

Jesus sê, *"Ek is die wynstok en my Vader is die landbouer."* Die wynstok kan niks in Homself doen sonder die inspraak van die landbouer – die Vader - nie. En dan wys Hy na ons en Hy sê,

> *Joh 15:2 "Elke loot in My wat nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra."*

> *15:4 "Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die **loot geen vrug kan dra van homself** as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie."*

In onsself is daar geen waarde, en daar is niks wat ons kan toevoeg nie. Ons moet in Hom wees sodat daardie lewende water deur ons kan vloei; die krag van die Heilige Gees van Jesus af na ons toe. En dit is daardeur

wat ons vrugte kan dra. Ons het pas in hierdie afgelope week die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster gevier. En die doel van die Heilige Gees is om langs ons te kom staan en ons te help om vrugte te dra. Nie uit onsself nie, is die boodskap hier.  Nie uit onsself nie.

> *Joh 15:5  "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug; want **sonder My kan julle niks doen nie**."*

Hy sê dit oor en oor – *"Sonder My kan julle niks doen nie."*

> *Joh 15:6  "As iemand in My nie bly nie (hoogmoed – ek kan die dinge self doen, ek weet wat om te doen), word hy uitgewerp soos die loot en verdroog; en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur en dit verbrand (net soos Eségiël 15)."*

Hy gooi dit in die vuur. Daar is geen waarde nie. Daardie waarde, ons waarde, kom wanneer ons by Hom ingeënt is; wanneer die water vloei, wanneer die sap uit Hom uitvloei.

> *Joh 15:7  "As julle **in My bly** en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.*

> *15:8  "Hierin is my Vader verheerlik, dat julle **veel vrug dra**; en julle sal my dissipels wees."*

Hoe die Here hierdie ding bewerk, is dat Hy wil hê ons moet *vrug dra*, maar ons kan nie daardie vrug dra uit onsself nie. Hy werk nie met hoogmoed, met arrogansie nie. Hy werk glad nie daarmee nie. Hy verag dit, Hy verstoot dit. Maar aan die nederige, sê Petrus en

Jakobus, gee Hy genade. Vriende, as God Homself verootmoedig het, hoeveel te meer moet ons nie onsself nederig hou nie. Dat Hy deur sy Gees deur ons kan werk. Dis net in nederigheid dat dit moontlik is.

### Paulus se skrywe – 'n skat in erdekruike

Paulus praat in Korinthiërs. Vriende, hierdie is die kern van die boodskap wat ek vandag wil oordra.

> *2Kor 4:5 "Want ons verkondig **nie onsself nie**, maar Christus Jesus as Here, en **onsself as julle diensknegte** om Jesus wil."*

Paulus het die konsep verstaan. Ons kan nie onsself verkondig nie. Daar is niks van waarde wat ek uit myself aan die wêreld kan gee nie. Soos Jesus 'n Dienskneg geword het – deur vir Homself die gestalte van 'n dienskneg aan te neem - so moet ons ook in die gestalte van 'n dienskneg mekaar help, mekaar bedien.

Die dissipels het aan tafel tydens die laaste maaltyd 'n rusie gehad oor wie van hulle die grootste, die vernaamste was. Jesus het vir hulle gesê *die een wat die ander dien, hy is die vernaamste*. As jy 'n koning wil wees in die koninkryk van God, leer hoe om te dien.

Daar was 'n ander geleentheid waar Jesus 'n klein kindjie op sy skoot getel het, en Hy het gesê, *"As julle nie soos hierdie kind word nie, is julle niks in die koninkryk nie."* Daardie voorwerp, daardie tak wat net in die vuur gegooi word, het geen waarde nie. Die waarde in die koninkryk kom van nederigheid, diensbaarheid.

Paulus sê hier, "*Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil.*"

> *2Kor 4:7 "Maar ons het hierdie **skat in erdekruike**, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie."*

Hierdie is so 'n geliefkoosde vers van my. Die *erdekruike*. Wat is 'n erdekruik? Dis 'n kleipot. Dit is van die aarde, van klei, van grond gemaak – dit is wie ons is. Ons is net van grond gemaak. Erdekruike.

Maar hy sê daar is 'n skat binne in daardie erdekruik, wat daar deur die Heilige Gees gedeponeer is. En dít is die skat - dat die voortreflikheid van die krag van God mag wees. Die Engels sê:

> *2Cor 4:7 "We have this treasure in earthen vessels that the surpassing greatness of the power **might be of God** and **not of ourselves**."*

Dit is die *skat*. Dit is die *"treasure".* Dat God deur ons, nietige mens, kan werk, dat die Heilige Gees deur hierdie nietige ek, hierdie niks, kan werk, sodat die mense daar buite kan weet hierdie is nie gedoen deur die krag en vermoëns van 'n mens nie. Dit is God wat hier werk.

Onthou toe die apostels gearresteer was, en die owerstes vir hulle uitgevra en hulle probeer vasvra het? Die dissipels het met oortuiging en gesag geantwoord. Die owerstes was verbaas omdat hulle verneem het dat hierdie dissipels ongeleerde mense was, gewone mense. En dan sê dit daar dat hulle besef het dat hierdie *metgeselle van Jesus was*. (Handelinge 4:13) Hulle het

Jesus in hierdie dissipels gesien. Die gesag waarmee ons praat, die wonderwerke wat deur ons gedoen kan word, vriende, dit is die skat: dat dit nie uit ons uit is nie, maar dat dit die krag van God is. Wat ‶n wonderlike voorreg!

**Soek, vra, klop**

Vriende, hierdie is ‶n geweldige voorreg wat ons het, dat God die gestalte van ‶n dienskneg aangeneem het om vir ons te red, en dan deponeer Hy die Heilige Gees binne ons, gewone erdekruike, ek en jy; Hy offer die Heilige Gees vir jou. Soek, vra en klop, en jy sal dit kry. Want Hy wil hê dat ons krag mag hê om sy Woord te kan verkondig – ons, nietige mens. En dit is wanneer ons uitgaan, wetend wie ons is - ons is niks, net ‶n deel van die waardelose wingerdstok; net diensknegte - en as ons onsself as diensknegte aan ander gee, dit is wanneer God deur ons werk – ‶n krag en effektiwiteit ver bo ons eie vermoëns.

Vriende, daar is te veel mense in hierdie wêreld wat die hoogtse rang wil hê, en nie genoeg mense wat gewillig is om te dien nie. Mag ek en jy ook die gestalte van ‶n dienskneg aanneem soos God dit aangeneem het, en onsself aan Hom en aan mekaar offer. Here, *nie my wil nie*, maar u wil geskied. Mag die Here ons help, en mag ons in dankbaarheid en nederigheid ons harte oopmaak om in Sy voetstappe te volg.

*Henry Jackson*